higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VRAGLOGISTIEK
NKR VLAK 4

(11020274)

10 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

234Q1N2210

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of ’n blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Die Wet op Nasionale Landvervoer fasiliteer die gebruik van openbare vervoer.

1.2 Die doel van niegemotoriseerde vervoer is om KMMO te bevorder.

1.3 Die staatsverkrygingsproses word deur die Wet op Seeverkeer bepaal.

1.4 ’n Belastingklaringsertifikaat is vir 24 maande geldig.

1.5 ’n Verspreider tree as ’n bemiddelaar tussen die verskaffer en die groothandelaar op.

1.6 Brandstof is ’n voorbeeld van vaste koste.

1.7 Uitbesteding laat maatskappye toe om bokoste ('overhead costs') te verlaag.

1.8 ’n Pakhuis wat swak bestuur word, kan ’n maatskappy baie geld kos.

1.9 ’n Positiewe handelsaldo beteken dat meer goedere uitgevoer word as wat ingevoer word.

1.10 ’n Interne kliënt is iemand buite die organisasie.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies ’n item uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	’n Strategiese polisieraamwerk wat ’n 20-jaar-tydperk dek	A	winsgewendheid
2.2	’n Ooreenkoms wat twee of meer maatskappye toelaat om met mekaar geassosieer te word en saam te werk	B	vraglogistieknodus
2.3	Bevat spesifieke instruksies aan bieërs	C	logistiekuitbesteding
2.4	’n Punt wat verskillende vervoermetodes verbind	D	kliënte-onderhoud
2.5	Die fisiese verspreiding van voltooide goedere om aan kliënte se vereistes te voldoen	E	Transnet-haweterminale
2.6	Die vermoë om meer geld te maak as wat die besigheid spandeer	F	Moving South Africa (MSA)
2.7	Oorhandiging van een of meer interne prosesse en aktiwiteite aan ’n eksterne verskaffer	G	vraglading ('cargo stuffing')
2.8	Verantwoordelik vir die bestuur van hawe- en vragterminaalbedrywighede	H	gesamentlike onderneming
2.9	Die proses waartydens ’n vrag in ’n leë vraghouer gelaai word	I	uitgaande logistiekbestuur
2.10	Word gebruik om kliënte vrae te vra oor hul indruk van die maatskappy	J	bodinstruksievorm

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Som TWEE doelstellings van elk van die volgende wette op:

3.1.1 Wet op Nasionale Landvervoer

3.1.2 Wet op Oorgrenspadvervoer

3.1.3 Wet op Seeverkeer

(3 × 4) (12)

3.2 Noem VIER aspekte wat in ag geneem moet word wanneer tenderdokumente saamgestel word. (4 × 2) (8)

3.3 Verduidelik TWEE belangrike aspekte om te onthou wat die inhandiging van tenders betref. (2 × 2) (4)

3.4 Wat is die verskil tussen *stewige pryse* en *niestewige pryse*? (2 × 2) (4)

3.5 Noem TWEE items wat gewoonlik by die tenderprys ingesluit word. (2)

[30]

VRAAG 4

4.1 Noem TWEE doelstellings van die Nasionale Vraglogistiekstrategie. (2 × 2) (4)

4.2 Noem DRIE bedryfsprobleme wat die padvragbedryf bedreig. (3 × 2) (6)

4.3 Noem TWEE belangrike internasionale lughawens in Suid-Afrika. (2)

4.4 Verduidelik kortliks TWEE voordele wat deur inklusiewe kommunikasiesinergie bereik kan word. (2 × 2) (4)

4.5 Verduidelik die volgende:

4.5.1 *Stoorkoste*

4.5.2 *Vervoerkoste*

(2 × 2) (4)

4.6 Gee TWEE voorbeelde van elk van die volgende:

4.6.1 Stoorkoste

4.6.2 Vervoerkoste

(2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

4.7 Wat is die verskil tussen die volgende?

4.7.1 *Verspreiders*

4.7.2 *Groothandelaars*

(2 × 2) (4)

4.8 Verduidelik die volgende terme:

4.8.1 *Netbetyds*

4.8.2 *Totale kwaliteitsbestuur*

4.8.3 *Waardekettingontleding*

(3 × 2) (6)
[34]

VRAAG 5

5.1 Gebruik die inligting hier onder om ’n inkomstestaat van KGS Transport op te stel vir die jaar geëindig 30 Junie 2021:

Verkope	2 000 000
Koste van verkope	600 000
Brandstof	200 000
Instandhouding	90 000
Salarisse	300 000
Huur	80 000
Skryfbehoeftes	10 000

(11)

5.2 Noem en verduidelik TWEE maniere waarop ’n maatskappy sy winsgewendheid kan verhoog. (4)

5.3 Noem VIER eksterne faktore wat ’n impak op die winsgewendheid van ’n besigheid kan hê. (4)

5.4 Noem en verduidelik VIER sleutelprosesse en funksies wat in die meeste pakhuise uitgevoer word. (4 × 2) (8)

5.5 Beskryf in detail DRIE voordele van ’n verspreidingsbestuursplan. (3 × 2) (6)
[33]

VRAAG 6

6.1 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

> Die Verenigde State het in Augustus 2020 $239 biljoen se goedere en dienste ingevoer, maar het slegs $171,9 biljoen se goedere en dienste na ander lande uitgevoer. Die Verenigde State het dus in Augustus 'n handelsaldo van -$67,1 biljoen, of $67,1 biljoen, gehad.

[Bron:*www.investopedia.com*]

6.1.1 Verteenwoordig die bogenoemde stelling 'n handelsurplus of handelstekort? (2)

6.1.2 Onderskei tussen *invoere* en *uitvoere*. (2 × 2) (4)

6.1.3 Noem VIER faktore wat die prysing van ingevoerde goedere bepaal. (4 × 2) (8)

6.1.4 Noem DRIE kommoditeite wat deur Suid-Afrika uitgevoer word. (3)

6.2 Noem TWEE maniere waarop 'n voertuigopsporingstelsel kliëntetevredenheid kan verbeter. (2 × 2) (4)

6.3 Noem DRIE tipes voertuigopsporingstelsels. (3)

6.4 Noem VYF Batho Pele-beginsels. (5 × 1) (5)

6.5 Bespreek TWEE verskillende tipes onderhoude wat besighede kan gebruik. (2 × 2) (4)

[33]

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150

Copyright reserved